



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DRAMATIESE KUNSTE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2018

Hierdie riglyne bestaan uit 41 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING	3
2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS	3
Algemeen	3
Doelwitte	4
Enkele idees en benaderings	4
Hoe om die PAT'e te administreer	6
Hoe om die PAT'e na te sien/te assesseer	6
Moderering van PAT'e	7
3. RIGLYNE VIR LEERDERS	7
Instruksies aan leerders	7
Praktiese Assesseringstake	8
Assesserings-/Modereringsrubrieke/-instrumente	9
Afwesigheid of nie-inlewering van take	10
Vereistes vir aanbieding	10
Tydraamwerke	10
Verklaring van egtheid	10
4. BRONNELYS	12
5. GEVOLGTREKKING	13
STANDAARDISERING-/ASSESSERING-/TERUGVOERING-/MODERERINGS- INSTRUMENTE: BYLAES A–R	14–41

1. INLEIDING

Die 16 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringsstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoevoegingstechnologie, Inligtingstechnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringsstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assesserings van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringsstaak binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

ALGEMEEN

Die Jaarlikse Assesseringsprogram vir die vak Dramatiese Kunste stipuleer dat DRIE PAT'e vir die Skoolgebaseerde Assesseringskomponent voltooi moet word. Dit beteken EEN PAT per kwartaal vir die eerste, tweede en derde kwartaal. Verseker dat jy, as die onderwyser, 'n duidelike begrip van al vier Breë Onderwerpe en hulle verwante Onderwerpe het wanneer jy die PAT'e voorberei, opstel, implementeer en nasien. Al drie PAT'e bevat twee afdelings.

AFDELING 1: GESKREWE AFDELING

Die Geskrewe Afdeling bestaan uit 'n Werkopdrag, 'n Opstel en Navorsing. Daar word van die leerders verwag om kognitiewe en konseptuele begrip van die konsepte van die KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe, waarop die Geskrewe Afdeling gebaseer is, te demonstreer, asook beplanning, oordenking en rekordhouvaardighede. Die Opstel, Navorsing en Werkopdrag mag in enige van die drie kwartale gedoen word en in enige volgorde, volgens die skool se spesifieke beplanning. Die Geskrewe Afdeling dien om leerders voor te berei vir die Opvoerafdeling van die PAT'e.

AFDELING 2: OPVOERAFDELING

Die fokus van hierdie Opvoerafdeling is om die praktiese vaardighede en tegnieke wat in die KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe voorgeskryf is, inkrementeel en siklies te ontwikkel. Leerders moet Toegepaste Bevoegdheid in die vorm van Dramatiese Items soos poësie, monoloog, prosa, toneel, fisiese teater, film, ontwerp, regie, verhoogbestuur ensovoorts, demonstreer. 'n Variasie in Dramatiese Vorm, Styl en Dramatiese Beweging moet gedemonstreer word – soos voorgeskryf vir die jaareindeksamen.

DOELWITTE

Beide die Geskrewe en die Opvoerafdelings het die volgende doelwitte:

- Lei leerders deur 'n akademiese, teoretiese, konseptuele, tegniese en praktiese vaardigheidsproses om hulle in staat te stel om teorie en praktyk op 'n betekenisvolle wyse te integreer.
- Verdiep en konsolideer die leerders se begrip van leer in die klaskamer.
- Bied die geleentheid om 'n gevarieerde teoretiese en praktiese repertoire in terme van proses en produk te kweek.
- Integreer teorie- en opvoerkonsepte, -vaardighede, -kennis en -inhoud.
- Berei leerders vir die komplekse kognitiewe en abstrakte teoretiese en aanbiedingsvereistes vir die middel-van-die-jaar-jaar-, proef- en jaareindeksamen voor:
 - Vraestel 1: Geskrewe Eksamen
 - Vraestel 2: Opvoereksamen: Tema/Oudisie of Tegniese Program

ENKELE IDEES EN BENADERINGS**Teoretiese, akademiese, tegniese vaardighede:**

- Die vak Dramatiese Kunste vereis 'n minimum van drie jaar van intensiewe, deurlopende onderrig, leer, ontwikkeling en rypheid van konseptuele en praktiese vaardighede en tegniese. Die ontwikkeling van stemmoduleringstegniese moet byvoorbeeld oor die drie-jaar-tydperk plaasvind, en nie net in graad 12 nie. (Maak seker dat elke periode of oomblik van onderrig gefokus is.)
- Ontwikkel doelbewus leerders se inhoudskennis asook die akademiese en tegniese vereistes van die vak. Aan die einde van graad 12 moet leerders toegepaste bevoegdheid van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring van graad 10 tot 11 tot 12 demonstreer.
- Maak seker dat die integriteit van tegniese vaardighede, styl, genres, beginsels, ens., van die dramatiese vorms ten alle tye gehandhaaf en gedemonstreer word. (Byvoorbeeld, 'n Elizabethaanse gedig kan kreatief geïnterpreteer word, maar die vorm en styl van die jambiese ritme, die frasering, die verhoogde digkuns, die vokale en fisiese voordrag, ens. van die Elizabethaanse genre moet bemeester en gedemonstreer word.)

Proses, betekenis, kritiese stem en produk:

- Baie min leerders kan self 'n opdrag voltooi. Jy, as die onderwyser, moet die kreatiewe proses van die begin tot die einde lei.
- Wees oop vir uiteenlopende idees, kreatiewe afleidings, innovering en oplossings wat aangebied word.
- **Onthou: jy moet die estetiese waardes en vaardighede van enige taak lei.**
- Dit is die plig van die onderwyser om die leerder in staat te stel om sy/haar eie **kreatiewe** stem te vind.
- Probeer om die leerders te lei om individuele en innoverende benaderings/oplossings te vind.
- Lei hulle om idees te ontwikkel deur uit eerstehandse waarneming te werk, byvoorbeeld, gaan kyk na en bespreek toneelstukke, kritiseer TV-programme en films.
- Lei leerders om bronmateriaal wat esteties nie aantreklik is nie, te elimineer. Dramatiese vorms moet gekies word uit 'n geloofwaardige, gepubliseerde bron of erkende mondelinge tradisie wat op inheemse kennisstelsels gegrond is.

Leerders se styl en kreatiwiteit:

- Leerders moet berekende risikonemers met selfvertroue wees, en nuwe idees en prosesse sonder vrees vir mislukking toets.
- Dit is belangrik dat selfvertroue aangemoedig en gekweek word om seker te maak dat leerders gemaklik voel om risiko's te neem en uit hulle foute te leer (hoërisiko-/laebedreiging-/veilige omgewing).
- Ken jou leerders, sover moontlik, om sodoende hulle spesifieke sterk punte te ontwikkel. Party sal versigtige beplanners wees, terwyl ander meer intuïtief werk. Party sal hulle werksproses uiterlik ten toon stel, ander sal stil, stadig en privaat werk. Waardeer, moedig aan, en respekteer bowenal alle werkstyle.

- Ekstroverte leerders kan maklik 'n oplossing vir 'n ander leerder se foute aanbied. Moedig ekstroverte aan om eerder op hulle eie prosesse en fokus en moedig introverte leerders aan om hulle eie oplossings aan te bied en te kommunikeer. Ekstroverte is nie noodwendig leiers nie. Die introverte leerder is dikwels meer bewus van detail, prosesse en betekenis. Besprekings kan verryk word wanneer hierdie leerders se stemme en opinies aangemoedig word.
- Kreatiewe aktiwiteit kan uit 'n aantal verskillende vlakke voortspruit, uit die laer punt, soos die opstel van 'n geskrewe raamwerk vir 'n Temaprogram; of die boonste punt, waar 'n heeltmaal vars en geïndividualiseerde proses en/of uitkoms ontwikkel word. Beide is geldig en sal tot dieselfde produk lei.
- Daar is baie maniere om te skep. Wees aanpasbaar genoeg om leerders toe te laat om hulle unieke manier te vind en te gebruik. 'n Mens verwag 'n sterker individuele vertolking en styl by graad 12-leerders. Hulpbronne of die gebrek daaraan bepaal nie die vlak van kreatiwiteit nie, maar eerder wat die leerder met die beskikbare hulpbronne doen. Die klem lê op innovering en die vermoë om 'n proses of produk uit hulle unieke siening van die wêreld van voor af voor te stel, te raam, of aan te bied.

Assessering-, terugvoer-, luister- en kommunikasievaardighede:

- Doen deurlopend informele assessering. Bespreek die vordering van leerders se werk individueel met hulle. Lei leerders om hulle eie oplossings te vind, eerder as om jou idees op hulle af te dwing.
- Hou gereelde 'kritieksessies' waartydens die onderwyser die leerders help om op 'n ingeligte en konstruktiewe manier oor hulle eie en hulle klasmaats se prosesse/werk te praat en dit te bespreek. Baseer hierdie bespreking op die inhoud in die KABV.
- Weer 'n vaardige luisteraar. Dramatiese Kunste gaan oor effektiewe en vaardige kommunikasie. Oefen en bevorder 'n kultuur van 'luister vir begrip' en nie slegs 'luister om te verskil' nie. Wees versigtig om nie 'n simplistiese begrip van 'luister' aan te moedig om te verseker dat 'n leerder nie 'terugpraat' of hulle eie oogpunt of die standpunt waaruit hulle werk, te gee nie. Dit mag selfs nodig wees om jou versigtig uitgedinkte posisie wat op jou kennis as onderwyser gebaseer is, te verander. Daar is nie net een manier om iets te doen nie, maar verskeie maniere.
- Dit is belangrik om die werk van 'n leerder deurlopend deur die jaar te bestudeer en te bespreek. Dit help om hulle sterk punte en punte vir verbetering te identifiseer. Leer leerders om hulle ervarings en gevoelens op 'n reflektiewe manier in hulle individuele prosesjoernale aan te teken. Pas die beginsel van 'wat nie gedokumenteer is nie, het nie gebeur nie', toe. Dit sal help om kritiese en kreatiewe denke te ontwikkel en sal die keuse en ordening van idees meer deursigtig en doelbewus maak.
- Pasop vir kritiek wat skade aanrig. Dit is raadsaam om met die positiewe te begin en dan na areas te beweeg wat verbeter kan word. Begin 'n dialoog met 'n leerder, byvoorbeeld *'Ek dink dit sal meer effektief wees as jy dit verander ... Wat dink jy?'* Dit laat hulle voel dat hulle deel van die proses is en laat hulle oor hulle werk dink. Gebruik afrigting- en terugvoeringsvaardighede. Skep 'n omgewing waarin leerders van jou mag verskil.
- Lei leerders om doeltreffend, onafhanklik, krities, kreatief en reflektiewe denkers te wees.
- Moet die leerders nie onderskat nie; daag hulle uit, omdat hulle dikwels die uitdaging sal aanvaar. Gebruik 'n verskeidenheid vrae wat leerders se vermoë om hulle kreatiewe keuses te heroorweeg, sal uitbrei en verdiep. Dit moet hulle lei om te vra: 'As dit is hoe dit nou is, hoe kan dit anders wees?'

Besinning:

- In die begin word besinning die beste gedoen volgens die rubriekriteria waarop ooreengekom is. Besinningspraktyke sluit besinning voor, tydens en na 'n taak in. Onderwysers kan ook, as 'n leerinstrument, die rubriekriteria as vrae gebruik om oor die bewyse wat deur die leerder geproduseer is, te besin. Aan die einde van elke PAT (Geskrewe en Opvoerafdelings), maar besinning/terugvoer oor die werk aangebied word. Onderwysers moet kommentaar oor sterk en swak punte deel. Dit sal leer en verbeteringspunte vir die leerder bied om te implementeer vir deurlopende ontwikkelings en bemeesting.
- Dit kan geskrewe of verbale terugvoer wees en kan die vorm van selfbesinning, besinning deur die klas/onderwyser en nasien, besinning deur medeleerders of oop kritieksessies wat deur beide die onderwyser en die leerder gelei word, aanneem.

HOE OM DIE PAT'e TE ADMINISTREER

Onderwysers moet:

- Verseker dat alle hulpbronne wat benodig word om die PAT'e te doen, beskikbaar is. Verwys na die **DBE se Katalogus vir Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) ('LTSM')**.
- Genoeg tyd vir leerders inruim om die PAT'e te voltooi (kies kontaktyd gedurende en/of na skool).
- Die **'Riglyne vir Standaardisering vir 'n Assessering, Opstel en Navorsing'** gebruik.
- Gedurende die proses te monitor dat die PAT'e volgens skedule verloop.
- Informele deurlopende assessering toepas.
- Formele assessering voltooi; gebruik die rubrieke wat in hierdie dokument verskaf word.
- Die **Excel-puntelyste**/-spreitabelle wat deur die provinsie verskaf word, voltooi.
- Die skool se beleid rakende die inlewering van punte volg.
- Die **Lesplanne**, wat op die KABV-Onderwerpe gebaseer is, asook die Assesseringstake se opdragte en instruksies vir die PAT'e liasseer in die **ONDERWYSERLÊER: Lesplanne en Assesseringstake**. Hierdie lêer moet vir kluster-/provinsiale moderering beskikbaar wees.
- Neem, op 'n gewone selfoon, die Uitvoerafdelings van die leerders se PAT'e op en laai dit op 'n DVD. Hierdie DVD moet vir kluster/provinsiale moderering beskikbaar wees.
- Liasseer die leerders se geskrewe bewyse van die Geskrewe Afdelings van die PAT'e in die **'Leerderlêer: Bewyse van Assessering'**. Hierdie lêer moet vir kluster-/provinsiale moderering beskikbaar wees. Al die leerders se bewyse van die Geskrewe Afdeling en Opvoerafdeling moet ten alle tye beskikbaar wees en bly die eiendom van die Departement van Onderwys totdat die finale uitslae vrygestel is. Hou hierdie geskrewe stukke en DVD's van aanbiedings toegesluit in jou klaskamer. Dit is die skool se verantwoordelikheid.

HOE OM DIE PAT'e NA TE SIEN/TE ASSESSEER

Onderwysers moet verseker dat die assessering/nasien van die PAT'e:

- Die prestasie van die KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerp-inhoud: Konsepte/Vaardighede/ Kennis, asook die teoretiese en aanbiedingskomponente van elke Onderwerp, meet.
- Bepaal of die Riglyn vir die Standaardisering van die Geskrewe Afdelings gevolg is.
- Die relevante rubrieke gebruik vir die:
 - Teoretiese Afdeling: rubrieke vir die opdrag, opstel en navorsing
 - Opvoerafdeling: rubrieke vir poësie, monoloog, prosa, beweging en toneel, asook die rubrieke vir die ontwerp, regie, film en verhoogbestuur
- Die leerders se bewyse en opvoering teen die kriteria en vlakbeskrywers van die rubrieke meet.
- Hou by die volgende beginsels van:
 - Regverdigheid: 'n Assessering moet leerders van beide geslagte en alle agtergronde toelaat om ewe goed te vaar en aan almal die gelyke geleentheid bied om die vaardighede en kennis wat geassesseer word, te demonstreer. Regverdigheid word in gedrang gebring as vooroordeel in die taak of by die nasiener bestaan. 'n Taak is regverdig indien die inhoud, konteks en aanbiedingsverwagtinge kennis, vaardighede en ervarings reflekteer wat ewe bekend en gepas vir alle leerders is. Dit moet toegang tot navorsingshulpbronne insluit.
 - Betroubaarheid: 'n Assessering word as betroubaar beskou wanneer dieselfde uitslae verkry word, ongeag wanneer die assessering plaasvind of wie dit nasien.
 - Geldigheid: 'n Aanduiding van hoe goed 'n assessering meet wat dit veronderstel is om te meet. 'n Geldige taak moet:
 - Werklike kennis of prestasie reflekteer, nie toetskryfvaardighede en gememoriseerde feite nie
 - Leerders motiveer om na die beste van hul vermoë te presteer
 - Strook met huidige opvoedkundige teorie en praktyk
 - Deeglik in lesplanontwerp en onderrig wees. Dit sluit in die ontwerp van gedetailleerde instruksies, aktiwiteite en oefeninge. Dit bevorder die opbou van denke, beplanning vir denke, assessering van denke oor inhoud, die erkenning van die vlak van denke wat leerders demonstreer.
 - Relevant wees rakende lesplanontwerp en onderrig. Dit verbeter die leerders se vermoë om te evalueer, regverdig, af te lei, te voorspel, tot 'n gevolgtrekking te kom, te hersien, aan te beveel, te argumenteer, prioriteite te stel, te formuleer, ens. 'n Relevante taak is wanneer leerders die verband tussen klaskamer kennis en situasies buite die klaskamer herken.

MODERERING VAN PAT'e

Moderering is 'n gedeelde begrip van gehaltebeheer, standaardvasstelling en standaardisering. Dit word gedoen om te verseker dat take regverdig, geldig en betroubaar is.

Moderering moet:

- Elke keer as 'n PAT voltooi is, plaasvind.
- Verseker dat assesseringstake en aktiwiteite leerders regverdige en geldige geleenthede bied om aan die standaarde en verwagtinge van die KABV te voldoen.
- Ooreenkom oor die sterk punte in leerders se aanbiedings en planne om vaardighede en kennis te verbeter.
- Terugvoer oor die onderwyser se oordeel (opstel en nasien van PAT'e) gee om onderrig te verbeter.
- Standaarde, verwagtinge en vlakke van konsekwentheid verhoog.
- Verseker dat leer op die gepaste vlak is en dat leerders vaardighede ontwikkel vir leer, die lewe en werk.
- **Intern op skoolvlak** gedoen word deur 'n medeonderwyser/departementshoof/hooft voordat die kluster/provinsiale moderering plaasvind.
- Onderwysers by die modereringsproses betrek om professionele ontwikkeling te verseker.
- Interwerwante betroubaarheid in die toeken van punte verseker.

3. RIGLYNE VIR LEERDERS

INSTRUKSIES AAN LEERDERS

Drie PAT'e moet gedurende die jaar gedoen word, een per kwartaal. Elkeen van die drie PAT'e bestaan uit 'n Geskrewe Afdeling en 'n Opvoerafdeling. Jy moet al twee voltooi en ten alle tye die teoretiese en praktiese konsepte, vaardighede en inhoud integreer. Gebruik hierdie drie PAT'e om die volgende te doen:

Kies en berei drie kontrasterende drama-items vir jou aanbieding vir die jaareinde-opvoereksamen voor. LET WEL: Dit is nie 'n goeie idee om 'n maand voor jou finale eksamen 'n item te kies nie. Die rede is dat emosionele en fisiese integrasie tyd neem. Jy het maande nodig om in 'n gedig in te groei, ens.

Geskrewe en teoretiese konseptualiserings, asook hoërorde-denkvaardighede, verg oefening. Gebruik die drie geskrewe/teoretiese afdelings om te verseker dat jy weet hoe om jou gedagtes, leer en ervarings in 'n vorm wat die doelwitte, struktuur en vorm van 'n geskrewe eksamen sal behaal, neer te skryf.

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM			GRAAD 10 EN 11
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
Taak 1: Praktiese Asseserings-taak (Groep) • Geskrewe afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	Taak 3: Praktiese Asseserings-taak (Individueel) • Geskrewe afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	Taak 5: Praktiese Asseserings-taak (Groep) • Geskrewe afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	Taak 7: Graad 10- en 11 jaareindeksamen • Geskrewe eksamen (150) • Opvoereksamen (150)
Taak 2: Toets (50)	Taak 4: Graad 10 Middel-van-jaareksamen • Geskrewe eksamen (100) • Opvoereksamen (100) Graad 11 Middel-van-jaareksamen • Geskrewe eksamen (150) • Opvoereksamen (150)	Taak 6: Toets (50)	

JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM			GRAAD 12
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
Taak 1: Praktiese Asseserings-taak (Groep) • Geskrewe afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	Taak 3: Praktiese Asseserings-taak (Individueel) • Geskrewe afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	Taak 5: Praktiese Asseserings-taak (Groep) • Geskrewe afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	Eksterne Eksamen • Geskrewe eksamen (150) • Opvoereksamen (150)
Taak 2: Toets (50)	Taak 4: Middel-van-jaareksamen • Geskrewe eksamen (150) • Opvoereksamen (150)	Taak 6: Toets (50)	

GESKREWE AFDELINGS

WERKOPDRAG:	OPSTEL:	NAVORSING:
<p>Leerders: Hierdie PAT-afdeling kan in die vorm van 'n joernaal, collage, ens. wees. Maak seker dat jy presies weet wat jou onderwyser se opdrag en instruksies is oor wat jy moet aanbied. Jy moet die volgende prosesse volg wanneer jy 'n werkopdrag skryf:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Versamel 2. Ontleed 3. Vertolk 4. Besin 5. Aanbied <p>van inligting oor jou eie persoonlike reis om praktiese vaardighede te ontwikkel.</p>	<p>Leerders: Gebruik die teoretiese ondersteuningsmateriaal wat deur jou onderwyser aan jou gegee is (handboek, klasnotas) om die opstel te skryf. Maak seker dat jy die riglyne en opdraginstruksies wat deur jou onderwyser vasgestel is, gebruik. Gebruik hierdie PAT-afdeling om jou vaardigheid in opstelskryf te oefen ter voorbereiding van die geskrewe eksamen. Maak seker dat jou opstel die basiese formaat van 'n opstel volg:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Inleiding 2. Liggaam met kennis 3. Gevolgtrekking 	<p>Leerders: Versamel bykomende materiaal van buitebronne om onafhanklike navorsing te doen en om jou begrip van die navorsingsopdrag en -instruksies te verryk. Maak seker dat jy na soveel bronne as moontlik kyk. Die Internet is slegs een opsie en is nie altyd betroubaar nie. Wees ten alle tye eties in jou navorsing. Navorsing vereis die volgende:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Gebruik 'n verskeidenheid bronne 2. Vergelyk 3. Kontrasteer 4. Lig uit/Beklemtoon 5. Vind 6. Aanbieding

OPVOERAFDELINGS

Elkeen van die drie Opvoerafdelings van die PAT'e moet deur jou gebruik word om jou items vir jou finale eksterne opvoereksamen vir die jaareindeksamen te kies, voor te berei en aan te bied:

- Temaprogram OF
- Oudisieprogram OF
- Tegnieese Teaterprogram

Hou aan om jou drama-item deur die jaar te ontwikkel en te verbeter nadat jy dit opgevoer het.

Tema-/Oudisieprogram: (Enige DRIE van die dramavorms hieronder)

Monoloog, poësie, uittreksel (toneel), prosa, gedramatiseerde prosa, storievertel, spreekkoor, inheemse drama, satiriese revue, fisiese teater, beweging, mimiek

Tegnieese Teaterprogram:

- Ontwerp (toneel/rekwisiete/beligting/klank/kostuum/grimering)
- Regie
- Film
- Verhoogbestuur

ASSESSERINGS-/MODERERINGSRUBRIEKE/-INSTRUMENTE**GESKREWE AFDELING:**

'n Asseseringsinstrument/-rubriek word vir die werksopdrag-, opstel- en navorsingstaak verskaf.

OPVOERAFDELING: (Toneelspel- en Tegnieese kandidate)

'n Asseseringsinstrument/-rubriek word vir die toneel, poësie, prosa, monoloog, beweging, ontwerp, regie, film en teaterbestuur verskaf

Onderwysers moet aan elke leerder 'n kopie van die betrokke rubriek gee en die leerders help met begrip van die kriteria en prestasievlakke voor die uitvoer van die take. As deel van die praktyk van assessering vir leer (AvL), moet voorbeelde van goeie praktyk met 'n duidelike aanduiding van 'waar, waarom, hoe en wat' punte toegeken is, gegee word.

AFWESIGHEID OF NIE-INLEWERING VAN TAKE

Afwesigheid of nie-inlewering van PAT'e sal tot 'n ONVOLLEDIGE punt lei. Slegs indien 'n geldige mediese sertifikaat op die dag wat die leerder na die skool terugkeer, ingelewer word, kan 'n ander sperdatum vir die inlewering of opvoer van die PAT deur beide die onderwyser en die leerder vasgestel word.

VEREISTES VIR AANBIEDING

Sien die lys van Minimum Hulpbronne, Geriewe, Toerusting, Hulpbronne (LOOM), Roosterbeplanning, ens. wat in plek moet wees voordat die PAT'e onderrig, geïmplementeer en geassesseer word. Hierdie hulpbronne moet aan die onderwysers en leerders beskikbaar wees om die drie PAT'e te kan voltooi.

Die onderwyser moet 'n Lesplan vir AL die Onderwerpe wat deur 'n spesifieke PAT gedek word, opstel. Verder moet 'n duidelike assesseringsopdrag met gedetailleerde instruksies met die leerders bespreek word.

TYDRAAMWERKE

Onderwysers:

Onderrig, administreer, assesseer en teken aan en rapporteer oor een PAT per kwartaal 1, 2 en 3.

Kommunikeer op skrif die presiese, nie-onderhandelbare datums vir die inlewering of opvoer van die PAT'e.

Leerders:

Maak seker dat jy die assesseringsopdrag en -instruksies volg. Lewer in of voer jou PAT betyds op om seker te maak dat jy 'n punt ontvang.

VERKLARING VAN EGTHEID

Praktiese take is nie tot 'n opvoering beperk nie. Die PAT-take (1, 3 en 5) is voorbereiding vir jou middel-van-die-jaar-, proef- en jaareind- geskrewe en opvoereksamens. Integreer die teoretiese aspek van die PAT met die praktiese aspek.

Doen beplanning, voorbereiding, navorsing, vaardigheidsontwikkeling en besinning voordat jy jou opstel, navorsingstaak of werksopdrag inlewer.

Repeteer jou opvoeritems totdat jy dit glad en met selfvertroue kan opvoer. Gebruik hierdie kleiner geleenthede om 'n fondasie vir jou latere teoretiese en praktiese eksamenwerk te lê.

Daar sal van leerders verwag word om praktiesgebaseerde vrae te beantwoord deur 'n teoretiese raamwerk te gebruik in die finale geskrewe vraestel.

VERKLARING VAN EGTHEID	
Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en deur beide die leerder en onderwyser onderteken word en dek alle bewyse wat ingelewer word.	
Leerder se naam en van:	Datum:
Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK alles by eie werk is en dat dit nie werk insluit wat deur iemand buiten myself voltooi is nie. Ek het hierdie taak volgens instruksies en binne die voorgeskrewe tydsbeperkings voltooi.	
Leerder se handtekening:	Datum:
Onderwyser se bevestiging	
Naam (sentrum se naam), Ek bevestig dat die bogenoemde leerder, sover my kennis strek, die enigste outeur van die voltooide, aangehegte werksopdrag is en dat die assessering onder die vereiste omstandighede voltooi is.	
Onderwyser se handtekening:	Datum:
Skoolhoof se handtekening:	Datum:

4. BRONNELYS

Die vak Dramatiese Kunste, soos ander vakke, vereis spesifieke hulpbronne sodat effektiewe onderrig, leer, aanbiedings en opvoerings behaal kan word. As gevolg van die feit dat die vak op die aangewese lys vir hoër onderwys ingesluit is, het beamptes van die Departement van Basiese Onderwys die verantwoordelikheid om te verseker dat daar 'n ingeligte en toegewyde benadering is en dat die minimum vereistes in plek is om integriteit in die onderrig en leer van die vak te verseker.

Dit is belangrik om kennis te neem dat hierdie hulpbronne nie duur of uitspatig hoef te wees nie. Dit is net so belangrik dat indien 'n skool nie in staat is om hierdie vakspesifieke hulpbronne aan te bied nie, die vak verkieslik nie aangebied moet word nie. Leerders sal benadeel word indien hulpbronne soos die DBO-goedgekeurde handboek, die voorgeskrewe dramatekste, stoele, 'n redelik funksionele spasie/lokaal vir praktiese werk nie beskikbaar is nie. (Die DBO, deur die jaarlikse norme en standaarde, maak voorsiening dat minimum hulpbronne wat vir elk die vakke wat deur 'n skool aangebied word, aangekoop moet word. Die skoolbestuurskomitee of die ekwivalent van hierdie liggaam, het die opdrag om te verseker dat daar aan elke vak se behoeftes voldoen word.) Onderwysers moet in November/Desember van die vorige jaar verseker dat die volgende basiese hulpbronne in die Dramatiese Kunste-klas beskikbaar is vir 'n funksionele begin van die nuwe jaar:

MENSLIKE HULPBRONNE

'n Onderwyser met 'n dramakwalifikasie moet die KAVB en die jaarlikse program van assessering, wat die drie PAT'e insluit, onderrig en assesser. 'n Onderwyser met gepaste kwalifikasies vir hierdie vak het die volgende agtergrond:

- BA (Drama)
- BEd (Drama)
- Lisensiaat in Dramaonderrig, Trinity College
- Diploma van LAMDA
- Of enige ander amptelik geakkrediteerde kwalifikasie met 360 krediete in Drama
- Saam met die bogenoemde, 'n eenjaar- nagraadse sertifikaat in onderwys of 'n diploma in opleiding.

Let op dat die volgende nie gepaste of voldoende kwalifikasies is om Dramatiese Kunste te onderrig nie:

- Die skeppende kunste-onderwyser
- 'n Akteur/Aktrise
- 'n Drama-entoesias
- Die Engels-onderwyser
- Die Dansstudies-onderwyser

LOOM ('LTSM'): TOERUSTING EN GERIEWE

Leerders moet met die gebruik van ruimte/spasie, vlakke, ingange en uitgange eksperimenteer. Die volgende basiese items sal die geleentheid bied om leë spasies kreatief met stelstukke, ensovoorts, te vul:

- 'n Dubbele klaskamer, of 'n oop spasie
- 4 x houtblokke/kubusse/plastiekkraat/stoele of 'n bekostigbare alternatief
- 4 x plat skerms/hangende lappe/kartonbokse of 'n bekostigbare alternatief
- 4 x verhoogtrappe of 'n bekostigbare alternatief
- Tafels en stoele dien as dekorstukke
- Die volgende is nie vereistes nie, maar sal voordelig wees: 'n verhoog, beligting en klankgeriewe

LOOM ('LTSM'): VERWYSING

- 1 x DBE-goedgekeurde handboek per leerder
- 1 x DBE-goedgekeurde handboek per Dramatiese Kunste-onderwyser
- 3 x dramatekste, 1 vir elk van die genres gekies, 3 x per leerder
Fotokopieë van enige van die bogenoemde is onwettig en kan skole blootstel aan hofgedinge deur uitgewers, handboekskrywers en dramaturge
- 1 x werkboek per leerder
- 1 x lêer/boks vir die onderwyser om beplanning en administrasie vir moderering veilig te bewaar
- 1 x lêer/boks vir die onderwyser om leerder-assesseringsbewyse vir moderering veilig te bewaar
- 1 x swart T-hemp/gemaklike top + swart langbroek + skoene vir leerders se praktiese werk.
- Uitstappies: 1 x per kwartaal na 'n professionele toneelstuk/drama
- Die volgende is nie 'n vereiste nie, maar sal voordelig wees: 'n DVD van 'n professionele verhoogopvoering van 'n dramateks in elk van die genres en dramatiese beweging. Die leerders moet begrip en toegepaste vaardigheid in byvoorbeeld die volgende demonstreer:
 - Commedia dell' arte *Scapino* deur Moliere
 - Afrika-dramavorms
 - Griekse Teater: *Antigone* deur Sophocles
 - Suid-Afrikaanse teater: enige werke/werkswinkeldramas
 - Elizabethaanse teater: *Romeo en Juliet* deur William Shakespeare
 - Realisme: *Have you seen Zandile* deur Gina Hlope
 - Epiese teater: *Kaukasiese Krytsirkel* deur Bertolt Brecht
 - Teater van die Absurde: *Afspraak met Godot* deur Samuel Beckett
 - Postmoderne Teater: *Top girls* deur Carol Churchill
 - Suid-Afrikaanse Teater voor 1994: *Woza Albert!* deur M Ngema, P Mtwa, B Simon
 - Suid-Afrikaanse Teater na 1994: *Mis* deur Reza de Wet

ARTIKULASIE MET AOO ('GET')

'n Onderwyser wat drama in skeppende kunste onderrig moet seker maak dat leerders in graad 8 en 9 'n deeglike grondslag in die konsepte, vaardighede, kennis en inhoud van Drama het. Aan die einde van graad 9 word voorgestel dat onderhoude en oudisies gehou word om te verseker dat slegs leerders wat gedissiplineerd, hardwerkend, geïnteresseerd en toegewy is en potensiaal het, vir VOO Dramatiese Kunste gekies word. Verseker dat die klasverhouding vir graad 10 aan die norm wat deur die provinsie vasgestel is, voldoen. Indien die Dramatiese Kunste-klas te vol is, kan beserings voorkom en leerders wat geïnteresseerd en hardwerkend is, sal benadeel word omdat hulle nie toegewyde, individuele onderrig wat vir drama vereis word, sal ontvang nie.

ROOSTERBEPLANNING

Roosterbeplanning vir Dramatiese Kunste vereis 'n minimum van 4 uur per week gedurende skooltyd en een uur na skool. Hierdie uur-verhouding is van toepassing op graad 10, 11 en 12. Addisionele tyd is noodsaaklik na skoolure vir die voltooiing van die PAT'e, remediëring, verryking, repetisies, opvoerings en uitstappies om na dramaopvoerings te gaan kyk.

5. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

STANDAARDISERING-/ASSESSERING-/TERUGVOERING-/MODERERINGS- INSTRUMENTE

GESKREWE TAKE: RIGLYNE VIR STANDAARDISERING

**BYLAE A: WERKSOPDRAG
BYLAE B: OPSTEL
BYLAE C: NAVORSING**

GESKREWE TAKE: ASSESSERINGSINSTRUMENTE: RUBRIEKE

**BYLAE D: WERKSOPDRAG
BYLAE E: OPSTEL
BYLAE F: NAVORSING**

TEMA-/OUDISIEPROGRAM: ASSESSERINGSINSTRUMENTE: RUBRIEKE

**BYLAE G: UITTREKSEL (TONEEL)
BYLAE H: MONOLOOG
BYLAE I: BEWEGING
BYLAE J: POËSIE
BYLAE K: PROSA**

TEGNIËSE TEATERPROGRAM: ASSESSERINGSINSTRUMENTE: RUBRIEKE

**BYLAE L: ONTWERP
BYLAE M: REGIE/TEATERSKEPPING
BYLAE N: FILM
BYLAE O: VERHOOGBESTUUR**

TERUGVOERING VAN DIE OPVOERAFDELINGS VAN DIE PAT'e

BYLAE P: VRAAGSTAMME

ASSESSERING/NASIEN EN MODERERING: GOEIE PRAKTYK

BYLAE Q: BEGINSELS

MODERERINGSINSTRUMENT

BYLAE R: TEMPLAAT VIR INTERNE SKOOL- EN PROVINSIALE MODERERING

BYLAE A:

RIGLYNE	STANDAARDISERING	WERKSOPDRAG
	ONDERWYSERS: <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik hierdie riglyne om nasionale standaardisering van die PAT'e te verseker. • Heg hierdie riglyne aan die Assesseringsafdeling van elke Lesplan. • Gebruik hierdie riglyne om te verseker dat die volgende gedek word: 	
1	OPDRAG MET INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n geskrewe opdrag met gedetailleerde instruksies wat gebaseer is op 'n fokus op 'leer-om-te-leer' en 'leer-deur-te-doen' hoe om die taak te voltooi. Noem die ondersteunende konseptuele raamwerk wat gegrond is op 'n drievoudige leerfokus op die 'wat, waarom en hoe' van die uitkomst wat behaal moet word en bewyse wat versamel moet word. • Baseer die opdrag en instruksies op die relevante KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe wat aan die leerder onderrig word. • Gebruik duidelike en ondubbelsinnige instruksies, gepaste terminologie, byvoorbeeld ontleed/beskryf/vergelyk/evalueer/voorspel/eie opinie en wat is die gehalte/kwaliteit en hoeveelheid van bewyse wat die leerder moet insamel vir die aksiewerkwoord. • Verduidelik die: <ul style="list-style-type: none"> ○ Formaat ○ Doelwit ○ Inhoud ○ Beskikbare bronne ○ Omvang en beperkinge ○ Kriteria waarvolgens die PAT geassesseer sal word deur na die rubriekriteria te verwys, met die klem op die hoër vlakke van gehalte. • Toon sensitiwiteit en respek vir geslag, inklusiwiteit, kultuur, klas, ras en godsdiens • Gee 'n duidelike, nie-onderhandelbare speredatum vir die inlewer van die PAT. 	
2	FORMAAT Dit kan enige een van die volgende opsies wees: <ul style="list-style-type: none"> • Joernaalinskrywing • Ontwerpnotaboek-inskrywing • Regienotaboek-inskrywing • Filmnotaboek-inskrywing • Verhoogbestuurdersouffleurboek-inskrywing • Collage • Montage • Visuele beelde (byvoorbeeld foto's, video's, DVD, oudio-opname, ens.) • Werkblad ontwerp deur onderwyser • Besinning oor uitstappies, gemeenskaps spasies/lokale • Filmontleding, teaterresensies • (Enige ander metode wat volgens die onderwyser nuttig is, byvoorbeeld onderrigherhaling ('teach backs')) 	
3	DOELWIT EN INHOUD: Die Werksopdrag moet: <ul style="list-style-type: none"> • Die onderrig van die KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe in die klaskamer integreer en konseptualiseer. • Op 'n betekenisvolle manier besin oor onderrig in die klaskamer en bewys lewer van die deurlopende ontwikkeling van die leerder. • Die leerder se vlak van kognitiewe begrip en toepassing van konsepte (inhoud, kennis, vaardighede en houdings) toon • Dramatiese Kunste-terminologie (die taal van drama) in alle geskrewe aanbieding gebruik • Gespesialiseerde taal in geval van Inheemse Kennisstelsels verduidelik en daarby hou • Vir die Opvoerkomponent van die PAT voorberei. 	
4	BRONNE <ul style="list-style-type: none"> • Baseer die inhoud van die Werksopdrag op die KABV- Breë Onderwerpe en hulle onderskeie Onderwerpe. • Gebruik, besin krities oor en pas die handboek, dramatekste, klasnotas en praktiese werk kreatief toe. 	

BYLAE B:

RIGLYNE	STANDAARDISERING	OPSTEL
ONDERWYSERS: <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik hierdie riglyne om die nasionale standaardisering van die PAT'e te verseker. • Heg hierdie riglyne aan die Assesseringsafdeling van elke Lesplan. • Gebruik hierdie riglyne om te verseker dat die volgende gedek word: 		
1	OPDRAG MET INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n geskrewe opdrag met gedetailleerde instruksies wat gebaseer is op 'n fokus op 'leer-om-te-leer' en 'leer-deur-te-doen' hoe om die taak te voltooi. Noem die ondersteunende konseptuele raamwerk wat gegrond is op 'n drievoudige leerfokus op die 'wat, waarom en hoe' van die uitkomst wat behaal moet word en bewyse wat versamel moet word. • Baseer die opdrag en instruksies op die relevante KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe wat aan die leerder onderrig word. • Gebruik duidelike en ondubbelsinnige instruksies, gepaste terminologie, byvoorbeeld ontleed/beskryf/vergelyk/evalueer/voorspel/eie opinie en wat is die kwaliteit en hoeveelheid van bewyse wat die leerder moet insamel vir die aksiewerkwoord. • Verseker dat die opstelonderwerp leiding en riglyne gee as raamwerk vir die leerder se begrip en interpretasie. • Verduidelik die: <ul style="list-style-type: none"> ○ Formaat ○ Doelwit en inhoud ○ Beskikbare bronne ○ Omvang en beperkinge ○ Kriteria waarvolgens die PAT geassesseer sal word deur na die rubriekriteria te verwys, met die klem op die hoër vlakke van gehalte. • Toon sensitiwiteit en respek vir geslag, inklusiwiteit, kultuur, klas, ras en godsdiens • Gee 'n duidelike, nie-onderhandelbare sperdatum vir die inlewer van die PAT. 	
2	FORMAAT <ul style="list-style-type: none"> • Dit moet 'n formele struktuur wees, byvoorbeeld skryf in paragrawe, gebruik kernidees • Dit moet uit 'n Inleiding, Hoofliggaam van kennis en 'n Gevolgtrekking/Opsomming bestaan • Die lengte en gewig kan deur die volgende gelei word: ± 1 bladsy; ongeveer ± 250 woord 	
3	DOELWIT EN INHOUD Die Opstel moet: <ul style="list-style-type: none"> • Die onderrig van die KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe in die klaskamer integreer en konseptualiseer. • Op 'n betekenisvolle manier besin oor onderrig in die klaskamer en bewys lewer van die deurlopende ontwikkeling van die leerder. • Die leerder se vlak van kognitiewe begrip en toepassing van konsepte (inhoud, kennis, vaardighede en houdings) toon • Praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (oefeninge, aktiwiteite, repetisies, klasnotas en ander bronmateriaal) integreer • Dramatiese Kunste-terminologie (die taal van drama) in alle geskrewe aanbiedings gebruik • Gespesialiseerde taal in geval van inheemse kennisstelsels verduidelik en daarby hou • Vir die Opvoerkomponent van die PAT voorberei. 	
4	BRONNE <ul style="list-style-type: none"> • Baseer die inhoud van die Opstel die KABV- Breë Onderwerpe en hulle onderskeie Onderwerpe. • Gebruik, besin krities oor en pas die handboek, dramatekste, klasnotas en praktiese werk kreatief toe. 	

BYLAE C:

RIGLYNE	STANDAARDISERING	NAVORSING
<p>ONDERWYSERS:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik hierdie riglyne om die nasionale standaardisering van die PAT'e te verseker. • Heg hierdie riglyne aan die Assesseringsafdeling van elke Lesplan. • Gebruik hierdie riglyne om te verseker dat die volgende gedek word: 		
1	<p>OPDRAG MET INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n geskrewe opdrag met gedetailleerde instruksies wat gebaseer is op 'n fokus op 'leer-om-te-leer' en 'leer-deur-te-doen' hoe om die taak te voltooi. Noem die ondersteunende konseptuele raamwerk wat gegrond is op 'n drievoudige leersfokus op die 'wat, waarom en hoe' van die uitkomst wat behaal moet word en bewyse wat versamel moet word. • Baseer die opdrag en instruksies op die relevante KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe wat aan die leerder onderrig word. • Gebruik duidelike en ondubbelsinnige instruksies, gepaste terminologie, byvoorbeeld ontleed/beskryf/ vergelyk/evalueer/voorspel/eie opinie en wat is die kwaliteit en hoeveelheid van bewyse wat die leerder moet insamel vir die aksiewerkwoord. • Verduidelik die: <ul style="list-style-type: none"> ○ Formaat, Doelwit en inhoud ○ Beskikbare bronne ○ Omvang en beperkinge ○ Kriteria waarteen die PAT geassesseer sal word deur na die rubriekriteria te verwys, met die klem op die hoër vlakke van gehalte. • Toon sensitiwiteit en respek vir geslag, inklusiwiteit, kultuur, klas, ras en godsdiens • Gee 'n duidelike, nie-onderhandelbare sperdatum vir die inlewer van die PAT. 	
2	<p>FORMAAT</p> <p>Kan enige van die volgende opsies wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geskrewe aanbieding (d.i. navorsingsopstel met 'n inleiding, hoofliggaam met kennis, gevolgtrekking/opsomming. 'n Minimum van ± 300 woorde, wat ongeveer 2 bladsye is • Mondelinge aanbieding, ondersteun deur geskrewe materiaal (notas, dinkskrum, ens.), 3–5 minute per leerder • Forumbespreking/debat en bygaande geskrewe dokument (15 minute per groep van 5) • Media: Filmtonele/video/TV-insetsels/radio/koerantartikels: 3–5 minute • PowerPoint-aanbiedings: 3–5 minute per leerder • Onderhoude en bygaande geskrewe dokumente (5 minute per paar/groep) • Modelle [van verhoogtypes, stelontwerpe, dekor, rekwisiete, kostuums] met bygaande geskrewe bewyse • Collage, gemengde media of montage 	
3	<p>DOELWIT EN INHOUD</p> <p>Die Navorsing moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die onderrig van die KABV- Breë Onderwerpe en Onderwerpe in die klaskamer integreer en konseptualiseer. • Op 'n betekenisvolle manier besin oor onderrig in die klaskamer en bewys lewer van die deurlopende ontwikkeling van die leerder. • Die leerder se vlak van kognitiewe begrip en toepassing van konsepte (inhoud, kennis, vaardighede en houdings) toon. Verder moet die klem nie net op die vra van 'n verskeidenheid vrae met verskillende kognitiewe moeilikheidsvlakke en kompleksiteit wees nie, maar moet op 'n deursigtige manier die maniere waarop die leerders dink en hul 'dinkgewoonte' agter die konstruksies van vrae en hulle narratiewe toon. • Praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (oefeninge, aktiwiteite, repetisies, klasnotas en ander bronmateriaal) integreer • Dramatiese Kunste-terminologie (die taal van drama) in alle geskrewe aanbieding gebruik • Gespesialiseerde taal in geval van inheemse kennisstelsels verduidelik en daarby hou • Vir die Opvoerkomponent van die PAT voorberei. 	
4	<p>BRONNE</p> <ul style="list-style-type: none"> • Baseer die inhoud van die Opstel die KABV- Breë Onderwerpe en hulle onderskeie Onderwerpe. • Gebruik, besin krities oor en pas die handboek, dramatekste, klasnotas en praktiese werk kreatief toe. • Ondersoek 'n verskeidenheid bronne (onderhoude, veldtoetse, menslike hulpbronne, boeke, koerante, televisie, film, Internet, ensovoorts.) • Kies en gebruik 'n minimum van twee bronne (nie meer as een Internetbron nie) • Gee verwysings van al die bronne wat ondersoek en gebruik is • Gebruik die Oxford-verwysingstelsel • Moenie plagiaat pleeg nie • Pas etiese gebruik van bronne toe, insluitend mondelingse onderhoude uit etnografiese studies en 'kenners' se opinies uit inheemse kennisstelsels. • Onderwysers ondersoek die Internetadresse en hardekopiebronne wat deur die leerders verskaf word, om te verseker dat al die bronne eties aangewend is. 	

BYLAE D:

WERKSOPDRAG		ASSESSERINGSINSTRUMENT			RUBRIEK
KRITERIA	NIE BEHAAL NIE 0–29	MATIGE PRESTASIE 30–49	VOLDOENDE PRESTASIE 50–69	BEVREDIGENDE PRESTASIE 70–89	VERDIENSTELIKE PRESTASIE 90–100
Beplannings-vaardighede	Die leerder sukkel met probleemoplossing en toon swak beplanningsvaardighede.	Die leerder is tot 'n mate in staat om probleme op te los en verskaf elementêre beplanning.	Die leerder is in staat om probleme kreatief op te los deur middel van effektiewe beplanning.	Die leerder is in staat om probleme effektief op te los deur middel van beplanning wat bruikbaar en geskik vir die proses is.	Die leerder toon kreatiewe en kognitiewe vaardighede wat blyke van deeglike beplanning gee. 'n Wye reeks verbeeldingryke prosesse word gebruik om geleentheid tot verkenning te bied.
Toegepaste vaardighede	Die leerder sukkel om vaardighede toe te pas en toon swak bestuur van die proses.	Die leerder sukkel met die uitvoer en implementering van beplanning en die integrasie van vaardighede. Daar word in 'n mate aan die vereistes voldoen.	Die leerder voer planne uit en integreer 'n verskeidenheid vaardighede wat bydra tot voldoening aan die vereistes.	Die leerder is in staat om planne uit te voer en beskik oor die vermoë om konseptuele/ opvoerings-/ ontwerp- en prosesvaardighede te integreer wat bydra tot voldoening aan die vereistes.	Die leerder is deeglik en verbeeldingryk in die bestuur van sy/haar leierskap. Toon onafhanklike inisiatief in die integrering van 'n omvattende reeks vaardighede wat bydra tot voldoening aan die vereistes.
Vaardigheid in optekening en besinning	Die leerder toon 'n elementêre gebruik van woordeskat sonder enige bewustheid van style, vorme en konvensies in die eindproduk.	Die leerder sukkel met die gebruik van woordeskat. Toon beperkte kennis van die style, vorme en konvensies wat vir die proses en die produk vereis word.	Die leerder is in staat om 'n beperkte omvang van woordeskat te gebruik en kan style, vorme, konvensies en prosesse by die eindproduk inkorporeer.	Die leerder gebruik toepaslike woordeskat effektief en toon 'n bewustheid van die inkorporering van style, vorme, prosesse en konvensies in die eindproduk.	Die leerder toon die gespesialiseerde gebruik van woordeskat (bv. dramaterminologie/ genre/wêreldbeskouing, insluitend die voorstelling van ras, klas, geslag en kultuur) en is in staat om die menslike gemeenskaplikheid, diversiteit en belewenis krities te evalueer en te vergelyk. Gebruik relevante vorme, style, konvensies en prosesse in die finale aanbieding.

BYLAE E:

OPSTEL		ASSESSERINGSINSTRUMENT	RUBRIEK
KATEGORIE	PUNT %	VLAKBESKRYWERS	
Uitstaande prestasie	23–25	Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitstaande vlak van bevoegdheid. In staat om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike vertolking en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid oorspronklike en/of relevante dramatiese verwysings. Insiggewend; vloeiend; waarneming en kennis word treffend uiteengesit.	
Verdienselike prestasie	20–22	Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik oorspronklike en ongewone keuse van relevante dramaverwysings. Toon insig; waarneming en kennis is goed uiteengesit.	
Bevredigende prestasie	17–19	Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur van die opstel. Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik. Word ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings. Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, sommige stellings toon insig. Moeite is gedoen met die aanbieding.	
Voldoende prestasie	13–16	Struktuur nie altyd logies en georganiseerd nie, aanvaarbare poging met die aanbieding. Demonstreer basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf. Genoegsame keuse van relevante dramaverwysings. Genoegsame navorsing, maar kom gememoriseer voor. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, by tye verbeeldingloos, maar regverdig soms bespreking van onderwerp.	
Gemiddelde prestasie	10–12	Nie altyd georganiseerd of logiese struktuur nie. Nie altyd genoeg inligting nie, sommige oomblikke van insig. Beperkte seleksie van inligting. Swak taalvaardighede. Argument word nie met bespreking ondersteun nie.	
Elementêre prestasie	6–9	Verward – geen struktuur nie, beperkte woordeskat, min poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Swak taalvaardigheid. Argument nie ondersteun deur bespreking nie.	
Nie behaal nie	0–5	Onsamehangend, baie min werk ingedien, beperkte vaardighede. Irrelevante inligting neergeskryf, geen bespreking om argument te ondersteun nie.	

BYLAE F:

NAVORSING		ASSESSERINGSINSTRUMENT	RUBRIEK
KATEGORIE	PUNT %	VLAKBESKRYWERS	
Uitstaande prestasie	23–25	Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitstaande vlak van bevoegdheid. In staat om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid oorspronklike en/of relevante dramatiese verwysings en/of filmtonele. Insiggewend; vloeiend; waarneming en kennis word treffend uiteengesit. Indien modelle of gemengde media gebruik is, is dit goed uitgevoer en komplementeer dit die navorsing.	
Verdienselike prestasie	20–22	Goed georganiseerd, omvattend en samehangend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike vertolking en deurdagte keuse van feite. Gebruik oorspronklike en ongewone keuse van relevante dramaverwysings en/of filmtonele. Toon insig; waarneming en kennis is goed uiteengesit. Indien modelle of gemengde media gebruik is, komplementeer dit die navorsing.	
Bevredigende prestasie	17–19	Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige klein foutjies is waarneembaar in die struktuur van die opstel. Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige, direkte taalgebruik. Word ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings en/of filmtonele. Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, sommige stellings toon insig. Moeite is gedoen met die aanbieding. Indien modelle of gemengde media gebruik is, hou dit verband met die navorsing.	
Voldoende prestasie	13–16	Struktuur nie altyd logies en georganiseerd nie, redelike moeite is met die aanbieding gedoen. Toon basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf. Genoegsame keuse van relevante dramaverwysings en of filmtonele. Genoegsame navorsing, maar kom memoriseer voor. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, by tye verbeeldingloos, maar regverdig soms bespreking van onderwerp. Indien modelle of gemengde media gebruik is, word dit nie altyd deur die navorsing ondersteun nie.	
Teks-ontleding: Karakterdoelwitte en hindernisse	Die kandidaat slaag nie daarin om karakterdoelwitte in te lewer nie, en demonstreer dus 'n gebrek aan begrip van die aangewese toneelstuk.	Die kandidaat verskaf onvolledige karakterdoelwitte en hindernisse, wat beperkte begrip van die aangewese toneelstuk demonstreer.	Die kandidaat verskaf gepaste karakterdoelwitte en hindernisse wat begrip van die aangewese toneelstuk demonstreer.	Die kandidaat verskaf insiggewende karakterdoelwitte en hindernisse wat bemeestering van die aangewese toneelstuk demonstreer.	Die kandidaat verskaf insiggewende en kreatiewe karakterdoelwitte en -hindernisse wat bemeestering van die aangewese toneelstuk demonstreer.
Teks-ontleding: Karakterverhoudinge	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n teksontleding en beskrywing van karakterverhoudings in te lewer nie, en toon dus 'n gebrek aan begrip vir die aangewese toneelstuk.	Die kandidaat lewer 'n beperkte teksontleding en beskrywing van karakterverhoudings in, wat beperkte begrip van die aangewese toneelstuk toon.	Die kandidaat lewer 'n voldoende teksontleding en beskrywing van karakterverhoudings in, wat voldoende begrip van die toneelstuk toon.	Die kandidaat lewer 'n insiggewende teksontleding en beskrywing van die karakterverhoudinge in wat bemeestering van die aangewese toneelstuk toon.	Die kandidaat lewer 'n insiggewende en kreatiewe teksontleding en beskrywing van die karakterverhoudinge in, wat volledige en kreatiewe bemeestering van die aangewese toneelstuk toon.
Teks-ontleding: Tema-ontleding	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n ontleding van die temas in die toneelstuk in te lewer nie.	Die kandidaat lewer 'n beperkte ontleding van die temas in die toneelstuk in.	Die kandidaat lewer 'n voldoende ontleding van die temas in die toneelstuk in.	Die kandidaat lewer 'n insiggewende ontleding van die temas van die toneelstuk in.	Die kandidaat lewer 'n besonder kreatiewe en insiggewende ontleding van die temas in die toneelstuk in.
Teks-ontleding: Regisseur/teaterskepper se visie	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die toneelstuk te skep nie.	Die kandidaat skep 'n beperkte regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die toneelstuk.	Die kandidaat skep 'n voldoende maar voorspelbare en konvensionele regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die toneelstuk.	Die kandidaat skep 'n unieke regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die toneelstuk.	Die kandidaat skep 'n besonder unieke en kreatiewe regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die toneelstuk.

REGIE/TEATERSKEPPING		ASSESSERINGSINSTRUMENT			RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5
BESKRY- WER	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%
Teks-ontleding: Regisseur/Teater-skepper se ontwerpe	Die kandidaat slaag nie daarin om die visie vir die toneelstuk in die konkrete aspekte wat vir 'n toneelstuk vereis word, bv. stel, kostuums, beligting, klank, verhooguitleg, beweging, blokkering, speelstyl en genre, oor te sit nie.	Die kandidaat sit op 'n beperkte wyse die visie vir die toneelstuk in die konkrete aspekte wat vir 'n toneelstuk vereis word, om, bv. stel, kostuums, beligting, klank, verhooguitleg, beweging, blokkering, speelstyl en genre.	Die kandidaat sit op 'n voldoende, maar voorspelbare wyse, die visie vir die toneelstuk in die konkrete aspekte wat vir 'n toneelstuk vereis word, om, bv. stel, kostuums, beligting, klank, verhooguitleg, beweging, blokkering, speelstyl en genre.	Die kandidaat sit op 'n kreatiewe wyse die visie vir die toneelstuk in die konkrete aspekte wat vir 'n toneelstuk vereis word, om, bv. stel, kostuums, beligting, klank, verhooguitleg, beweging, blokkering, speelstyl en genre.	Die kandidaat sit op 'n kreatiewe, unieke, insiggewende wyse die visie vir die toneelstuk in die konkrete aspekte wat vir 'n toneelstuk vereis word, om, bv. stel, kostuums, beligting, klank, verhooguitleg, beweging, blokkering, speelstyl en genre.
Repetisie-proses: Stiptelikheid	Die kandidaat slaag nie daarin om betyds te wees vir baie van die repetisies en/of opvoerings nie.	Die kandidaat daag betyds op vir die meeste repetisies en/of opvoerings.	Die kandidaat daag betyds op vir al die geskeduleerde repetisies en opvoerings.	Die kandidaat daag vroeg genoeg vir al die geskeduleerde repetisies en opvoerings op om beide fisiese en vokale opwarming te doen.	Die kandidaat daag vroeg genoeg vir al die geskeduleerde repetisies en opvoerings op om beide fisiese en vokale opwarming te doen. Fokusoefeninge en motiveringsessies word met die akteurs gehou.
Repetisie-proses: Karakterisering	Die kandidaat slaag nie daarin om die karakteriseringkeuses, wat pas by die teks en regisseur se visie, wat die akteur moet maak, te fasiliteer nie.	Die kandidaat slaag soms daarin om die karakteriseringkeuses, wat pas by die teks en regisseur se visie, wat die akteur moet maak, te fasiliteer.	Die kandidaat slaag op voldoende wyse daarin om die karakteriseringkeuses, wat pas by die teks en regisseur se visie, wat die akteur moet maak, te fasiliteer.	Die kandidaat verken en fasiliteer baie kreatiewe opsies om die akteur te help om die beste karakteriseringkeuses vir die teks en regisseur se vertolking te bepaal.	Die kandidaat verken en fasiliteer, met vaardigheid en insig, baie kreatiewe opsies om die akteur te help om die beste karakteriseringkeuses vir die teks en regisseur se vertolking te bepaal.
Repetisie-proses: Konsentrasie	Die kandidaat slaag nie daarin om tydens repetisies en/of opvoerings op sy/haar werk gefokus te bly nie.	Die kandidaat bly gefokus op sy/haar werk tydens repetisies en/of opvoerings.	Die kandidaat konsentreer aktief tydens repetisies en opvoerings.	Die kandidaat konsentreer aktief tydens repetisies en opvoerings en bied insig aan die akteurs.	Die kandidaat konsentreer aktief tydens repetisies en opvoerings en bied kreatiewe en insiggewende opsies en insigte aan die akteurs.
Repetisie-proses: Regie en toneelspel- (Stanislavski) terminologie	Die kandidaat slaag nie daarin om gepaste toneelspel- en regie-terminologie te gebruik nie, bv. Regie: blok, oorgang, maskering, ens. Toneelspel: 'magic if', konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosiegeheue, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat slaag soms daarin om gepaste toneelspel- en regie-terminologie te gebruik, bv. Regie: blok, oorgang, maskering, ens. Toneelspel: 'magic if', konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosiegeheue, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat gebruik gepaste toneelspel- en regie-terminologie, bv. Regie: blok, oorgang, maskering, ens. Toneelspel: 'magic if', konsentrasie, gegewe omstandig-hede, eenhede en doelwitte, emosiegeheue, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat gebruik gepaste toneelspel- en regie-terminologie met selfvertroue, bv. Regie: blok, oorgang, maskering, ens. Toneelspel: 'magic if', konsentrasie, gegewe omstandig-hede, eenhede en doelwitte, emosiegeheue, tempo-ritme, ontspanning.	Die kandidaat gebruik gepaste toneelspel- en regie-terminologie met selfvertroue en effektiewe en duidelike kommunikasievaardig-hede, bv. Regie: blok, oorgang, maskering, ens. Toneelspel: 'magic if', konsentrasie, gegewe omstandighede, eenhede en doelwitte, emosiegeheue, tempo-ritme, ontspanning.

REGIE/TEATERSKEPPING		ASSESSERINGSINSTRUMENT			RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5
BESKRY- WER	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%
Repetisie- proses: Opvoer- ruimtes	Die kandidaat slaag nie daarin om die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes te verstaan nie en is nie in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde toneelstuk te kies nie.	Die kandidaat het voldoende begrip van die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde toneelstuk te kies.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde toneelstuk te kies en het dit op 'n gepaste manier vir die geselekteerde toneelstuk gebruik.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde toneelstuk te kies en het dit op 'n kreatiewe manier vir die geselekteerde toneelstuk gebruik.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n kreatiewe en dinamiese opvoerruimte vir die geselekteerde toneelstuk te kies en het dit op 'n insiggewende, kreatiewe en unieke manier vir die geselekteerde toneelstuk gebruik.
Repetisie- proses: Verhoog- konvensies	Die kandidaat slaag nie daarin om gepaste en effektiewe verhoogkonvensies, soos boverhoog, middelverhoog, onderverhoog, verhooglinks, verhoogregs, souffleur en oorkant souffleur ('opposite prompt') te implementeer nie.	Die kandidaat implementeer gepaste en effektiewe verhoogkonvensies soos boverhoog, middelverhoog, onderverhoog, verhooglinks, verhoogregs, souffleur, en oorkant souffleur ('opposite prompt') op voldoende wyse.	Die kandidaat implementeer gepaste en effektiewe verhoogkonvensies soos boverhoog, middelverhoog, onderverhoog, verhooglinks, verhoogregs, souffleur en oorkant souffleur ('opposite prompt') effektief en op unieke wyse.	Die kandidaat implementeer gepaste en effektiewe verhoogkonvensies soos boverhoog, middelverhoog, onderverhoog, verhooglinks, verhoogregs, souffleur en oorkant souffleur ('opposite prompt') effektief, kreatief en op unieke wyse.	Die kandidaat implementeer gepaste en effektiewe verhoogkonvensies soos boverhoog, middelverhoog, onderverhoog, verhooglinks, verhoogregs, souffleur en oorkant souffleur ('opposite prompt') kreatief, dinamies en met unieke insig.
Onderhoud	Die kandidaat daag nie op vir die onderhoud nie, of lewer nie 'n regisseur-/teaterskepper-notaboek in nie of antwoord nie die vrae van die eksamenpaneel op bevredigende wyse nie.	Die kandidaat daag vir die onderhoud op maar lewer 'n onvolledige of beperkte regisseur-/teaterskepper-notaboek in of antwoord nie die vrae van die eksamenpaneel op bevredigende wyse nie.	Die kandidaat lewer 'n volledige en voldoende regisseur-/teaterskepper-notaboek in of antwoord nie die vrae van die eksamenpaneel op bevredigende wyse nie.	Die kandidaat lewer 'n volledige regisseur-/teaterskepper-notaboek in wat kreatiewe bewyse bevat en antwoord die vrae van die eksamenpaneel op deurdagte en gemotiveerde wyse.	Die kandidaat lewer 'n volledige regisseur-/teaterskepper-notaboek in met kreatiewe en unieke bewyse en antwoord die vrae van die eksamenpaneel op deurdagte, insigryke en gemotiveerde wyse.

BYLAE N:

FILMMAAK		ASSESSERINGSINSTRUMENT				RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5	
BESKRY- WER	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%	
Die rol van die regisseur/filmmaker	Die kandidaat slaag nie daarin om te verstaan dat die rol van die regisseur/filmmaker is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die film, bv. die skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuums, grimering, stel), die publisiteit (plakkate, program en bemarking) en op laas die afrigting van die akteurs en hul opvoerings nie.	Die kandidaat verstaan gedeeltelik dat die rol van die regisseur/filmmaker is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die film, bv. die skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuums, grimering, stel), die publisiteit (plakkate, program en bemarking) en op laas die afrigting van die akteurs en hul opvoerings.	Die kandidaat verstaan voldoende dat die rol van die regisseur/filmmaker is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die film, bv. die skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuums, grimering, stel), die publisiteit (plakkate, program en bemarking) en op laas die afrigting van die akteurs en hul opvoerings.	Die kandidaat verstaan volledig dat die rol van die regisseur/filmmaker is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die film, bv. die skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuums, grimering, stel), die publisiteit (plakkate, program en bemarking) en op laas die afrigting van die akteurs en hul opvoerings.	Die kandidaat het uitstaande, insiggewende begrip dat die rol van die regisseur/filmmaker is om verantwoordelik te wees vir die algehele ouditiewe en visuele wêreld van die film, bv. die skep van 'n visie, toepassing van gepaste style en genres, tegniese aspekte, ontwerp-elemente (beligting, klank, kostuums, grimering, stel), die publisiteit (plakkate, program en bemarking) en op laas die afrigting van die akteurs en hul opvoerings.	
Teks-ontleding: Gegewe omstandighede	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n gegewe omstandighede te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf 'n onvolledige en beperkte lys van gegewe omstandighede wat gepas is vir die aangewese film.	Die kandidaat verskaf 'n volledige lys van gegewe omstandighede wat heeltemal gepas is vir die aangewese film.	Die kandidaat verskaf 'n volledige lys van gegewe omstandighede en beskryf al die veranderlike omstandighede.	Die kandidaat verskaf 'n volledige lys van die gegewe omstandighede en beskryf al die veranderlike omstandighede met insig en kreatiwiteit.	
Teks-ontleding: Karakterdoelwitte en hindernisse	Die kandidaat slaag nie daarin om karakterdoelwitte in te lewer nie, en demonstree dus 'n gebrek aan begrip van die aangewese film.	Die kandidaat verskaf onvolledige karakterdoelwitte en hindernisse, wat beperkte begrip van die aangewese film demonstree.	Die kandidaat verskaf gepaste karakterdoelwitte en hindernisse wat begrip van die aangewese film demonstree.	Die kandidaat verskaf insiggewende karakterdoelwitte en hindernisse wat bemeestering van die aangewese film demonstree.	Die kandidaat verskaf insiggewende en kreatiewe karakterdoelwitte en -hindernisse wat bemeestering en kreatiewe begrip van die aangewese film demonstree.	
Teks-ontleding: Karakterverhouding	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n teksontleding en beskrywing van karakterverhoudings in te lewer nie, en toon dus 'n gebrek aan begrip vir die aangewese film.	Die kandidaat lewer 'n beperkte teksontleding en beskrywing van karakterverhoudings in, wat beperkte begrip van die aangewese film toon.	Die kandidaat lewer 'n voldoende teksontleding en beskrywing van karakterverhoudings in, wat voldoende begrip van die film toon.	Die kandidaat lewer 'n insiggewende teksontleding en beskrywing van die karakterverhouding in wat bemeestering van die aangewese film toon.	Die kandidaat lewer 'n insiggewende en kreatiewe teksontleding en beskrywing van die karakterverhouding in, wat volledige en kreatiewe bemeestering van die aangewese film toon.	
Teks-ontleding: Tema-ontleding	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n ontleding van die temas in die film in te lewer nie.	Die kandidaat lewer 'n beperkte ontleding van die temas in die film in.	Die kandidaat lewer 'n voldoende ontleding van die temas in die film in.	Die kandidaat lewer 'n insiggewende ontleding van die temas van die film in.	Die kandidaat lewer 'n besonder kreatiewe en insiggewende ontleding van die temas in die film in.	
Teks-ontleding: Regisseur/filmmaker se visie	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die film te skep nie.	Die kandidaat skep 'n beperkte regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die film.	Die kandidaat skep 'n voldoende maar voorspelbare en konvensionele regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die film.	Die kandidaat skep 'n unieke regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die film.	Die kandidaat skep 'n besonder unieke en kreatiewe regisseursvisie van die ouditiewe en visuele wêreld van die film.	

FILMMAAK		ASSESSERINGSINSTRUMENT				RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5	
BESKRY- WER	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%	
Repetisie- proses: Opvoer- ruimtes	Die kandidaat slaag nie daarin om die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes te verstaan nie en is nie in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde film te kies nie.	Die kandidaat het voldoende begrip van die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde film te kies.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde film te kies en het dit op 'n gepaste manier vir die geselekteerde film gebruik.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n gepaste opvoerruimte vir die geselekteerde film te kies en het dit op 'n kreatiewe manier vir die geselekteerde film gebruik.	Die kandidaat verstaan die verskille, gebruike en konvensies van verskillende opvoerruimtes en is in staat om 'n kreatiewe en dinamiese opvoerruimte vir die geselekteerde film te kies en het dit op 'n insiggewende, kreatiewe en unieke manier vir die geselekteerde film gebruik.	
Redigering	Die kandidaat slaag nie daarin om besonderhede van die redigeringsproses/-program wat gebruik is, te verskaf nie.	Die kandidaat kan oppervlakkige besonderhede van die redigeringsproses/-program wat gebruik is, gee.	Die kandidaat toon voldoende kennis van die redigeringsproses/-program wat gebruik is.	Die kandidaat toon baie goeie kennis van die redigeringsproses/-program wat gebruik is.	Die kandidaat toon uitstekende, in-diepte-kennis van die redigeringsproses/-program wat gebruik is.	
Kontinuiteit	Die kandidaat het geen begrip van kontinuiteit nie – geen bewyse in die film nie.	Die kandidaat het 'n basiese begrip van kontinuiteit – baie min bewyse in die film.	Die kandidaat het voldoende begrip van kontinuiteit – 'n paar bewyse in die film.	Die kandidaat het 'n baie goeie begrip van kontinuiteit – bevredigende bewyse in die film.	Die kandidaat het uitstekende kennis van kontinuiteit – kennis word in die film regverdig.	
Kinematografie: Kamerawerk	Die kandidaat het geen begrip van kinematografie/ kamerawerk nie – geen bewyse van kamerahoeke/ toneelwerk om die storielyn en stemming/atmosfeer te ondersteun nie.	Die kandidaat het 'n basiese begrip van kinematografie/ kamerawerk – baie min bewyse van kamerahoeke/ toneelwerk om die storielyn en stemming/atmosfeer te ondersteun.	Die kandidaat het 'n voldoende begrip van kinematografie/ kamerawerk – paar bewyse van kamerahoeke/ toneelwerk om die storielyn en stemming/ atmosfeer te ondersteun.	Die kandidaat het 'n baie goeie begrip van kinematografie/ kamerawerk – verskeie bewyse van kamerahoeke/toneelwerk om die storielyn en stemming/ atmosfeer te ondersteun.	Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van kinematografie/ kamerawerk – uitgebreide gebruik van kamerahoeke/ toneelwerk om die storielyn en stemming/ atmosfeer te ondersteun.	
Verfilming- skedule	Die kandidaat verskaf geen verfilming-skedule nie.	Die kandidaat verskaf 'n rowwe verfilming-skedule met geen besonderhede nie.	Die kandidaat verskaf 'n rowwe verfilming-skedule met 'n paar besonderhede.	Die kandidaat verskaf 'n verfilming-skedule met uitgebreide besonderhede.	Die kandidaat verskaf 'n duidelike en gedetailleerde verfilming-skedule met insig en bewyse van uitstekende voorbereiding.	
Film – produk	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n finale film/produk te verskaf nie.	Die kandidaat bied 'n film/produk aan wat geen storielyn/visie het nie en baie basies in die uitvoer daarvan is.	Die kandidaat bied 'n film/produk aan wat soms interessant is, maar 'n gebrek aan tegniese vaardighede het en voldoende is met betrekking tot die storielyn/visie.	Die kandidaat bied 'n film/produk aan wat interessant is met baie goeie tegniese vaardighede en baie duidelik in terme van storielyn/visie.	Die kandidaat bied 'n film/produk aan wat die 'wow'-faktor het – weer gesien moet word – met uitstekende tegniese vaardighede wat die storielyn/visie van die film breedvoerig ondersteun.	
Onderhoud	Die kandidaat daag nie vir die onderhoud nie, of lewer nie 'n regisseur-/filmmakernotaboek in nie of gee nie bevredigende antwoorde op die vrae van die eksamenpaneel nie.	Die kandidaat daag vir die onderhoud op maar lewer 'n onvolledige of beperkte regisseur-/filmmakernotaboek in of gee nie bevredigende antwoorde op die vrae van die eksamenpaneel nie.	Die kandidaat lewer 'n volledige maar voldoende regisseur-/filmmakernotaboek in of gee nie bevredigende antwoorde op die vrae van die eksamenpaneel nie.	Die kandidaat lewer 'n volledige regisseur-/filmmakernotaboek in wat kreatiewe bewyse bevat en gee deurdagte en gemotiveerde antwoorde op die vrae van die eksamenpaneel.	Die kandidaat lewer 'n volledige regisseur-/filmmakernotaboek in met kreatiewe en unieke bewyse en gee deurdagte, insiggewende en gemotiveerde antwoorde op die vrae van die eksamenpaneel.	

BYLAE O:

VERHOOGBESTUUR		ASSESSERINGSINSTRUMENT			RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5
KRITERIA	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%
Rekwisietelys (waar van toepassing)	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n rekwisietelys te verskaf nie, of verskaf 'n baie beperkte lys.	Die kandidaat verskaf rekwisietelys met net 'n paar rekwisiete.	Die kandidaat verskaf 'n rekwisietelys met bewyse van al die rekwisiete ; die meeste tonele is ingesluit is.	Die kandidaat verskaf 'n rekwisietelys met bewyse van al die rekwisiete en al die tonele is ingesluit. Navorsing oor gepaste rekwisiete is verskaf.	Die kandidaat verskaf 'n rekwisietelys met bewyse dat al die rekwisiete en al die tonele ingesluit is. Die funksies van die rekwisiete is ook ingesluit. Navorsing oor gepaste rekwisiete is breedvoerig en die beste keuses is gemaak.
Kostuumlys (waar van toepassing)	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n kostuumlys te verskaf nie, of verskaf 'n lys met baie beperkte bewyse en tonele vir gebruik is nie aangedui nie.	Die kandidaat verskaf 'n beperkte en onvolledige lys van kostuums. Geen tonele vir gebruik is aangedui nie.	Die kandidaat verskaf 'n lys van al die kostuums en die meeste tonele vir gebruik is aangedui.	Die kandidaat verskaf 'n lys met al die kostuums en al die tonele vir gebruik is aangedui, maar die lys het nie genoeg besonderhede nie. Navorsing oor gepaste kostuums word verskaf.	Die kandidaat verskaf 'n lys van alle kostuums en alle tonele vir gebruik is aangedui. Besonderhede word verskaf en die lys is maklik om te lees. Navorsing oor gepaste kostuums is breedvoerig en die beste keuses is gemaak.
Meubellys (waar van toepassing)	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n meubellys te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf 'n meubellys. Van die meubelstukke is aangedui, maar die tonele vir gebruik is nie aangedui nie.	Die kandidaat verskaf 'n meubellys vir die meeste meubelstukke, asook die meeste tonele vir gebruik.	Die kandidaat verskaf 'n volledige meubellys, tonele vir gebruik is aangedui en die meeste funksies is aangedui. Navorsing oor gepaste meubels is verskaf.	Die kandidaat verskaf 'n volledige meubellys, tonele vir gebruik en die funksie van elke meubelstuk is aangedui. Die lys is maklik om te lees. Navorsing oor gepaste meubelstukke is breedvoerig en die beste keuses is gemaak.
Lys van akteurs met kontaknummers	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n lys van akteurs in te lewer nie.	Die kandidaat verskaf bewyse van party akteurs wat in sommige tonele verskyn, met 'n bietjie kontakbesonderhede.	Die kandidaat verskaf 'n volledige lys van akteurs, maar nie vir elke toneel nie, met die meeste kontakbesonderhede.	'n Volledige lys van akteurs word vir elke toneel verskaf, met kontakbesonderhede in ten minste een medium van kommunikasie.	Volledige lys van akteurs word verskaf vir elke toneel, met volledige kontakbesonderhede in verskillende mediums van kommunikasie.
Klankseine (waar van toepassing)	Die kandidaat slaag nie daarin om bewys van klankseine aangedui, te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf 'n paar bewyse van klankseine met klankvlakke aangedui.	Die kandidaat verskaf bewyse van aangeduide klankseine met impuls, wat sprekerkeuse en klankvlak weergee.	Die kandidaat verskaf bewyse van aangeduide klankseine met impuls, wat sprekerkeuse en klankvlak weergee, maar klankvlak nie altyd geskik vir die opvoerruimte nie.	Die kandidaat verskaf bewyse van aangeduide klankseine met impuls, wat sprekerkeuse en klankvlak weergee, klankvlak is geskik met toepaslike antispasiemerkers. Die klankvlak is geskik vir die opvoerruimte. Plasing van sprekers is in ag geneem en is doeltreffend.
Ligseine (waar van toepassing) (oorweeg toerusting beskikbaar)	Die kandidaat slaag nie daarin om bewyse van LX-seine aangedui in die verhoogbestuurder se souffleursboek, te verskaf nie	Die kandidaat verskaf bewyse van 'n paar LX-seine wat ligintensiteit reflekteer in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van LX-seine wat ligarea, ligintensiteit asook tydberekening aangedui, in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van LX-seine, met impuls aangedui, wat ligarea, ligintensiteit en tydsberekening reflekteer, in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van alle LX-seine korrek aangedui, met impuls en geskikte antispasiemerkers wat ligarea en ligintensiteit geskik vir die opvoerruimte en tydsberekening reflekteer, in die verhoogbestuurder se souffleursboek.
Bewegings opgemerk	Die kandidaat slaag nie daarin om bewyse van notas van bewegings, aangedui in die verhoogbestuurder se souffleursboek, te verskaf nie.	Die kandidaat gee bewyse van 'n paar bewegings wat opgemerk is, aangedui in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat gee bewyse van al die bewegings wat opgemerk is aangedui in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat gee bewyse van al die bewegings wat opgemerk is, met geskikte afkortings, aangedui in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat gee bewyse, van al die bewegings wat opgemerk is, met gebruik van geskikte afkortings en verwysings na meubels en dekor, aangedui in die verhoogbestuurder se souffleursboek.

VERHOOGBESTUUR		ASSESSERINGSINSTRUMENT			RUBRIEK
VLAK	1	2	3	4	5
KRITERIA	1–34%	35–49%	50–69%	70–79%	80–100%
Toneelveranderinge	Die kandidaat slaag nie daarin om bewyse van aangeduide toneelveranderinge in die verhoogbestuurder se souffleursboek te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf bewyse van party toneelveranderinge met 'n paar aksies wat uitgevoer moet word in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van alle toneelveranderinge met notas van aksies wat uitgevoer moet word in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van alle toneelveranderinge met notas van aksies wat uitgevoer moet word en spanlede/akteurs betrokke in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van alle toneelveranderinge met notas van aksies wat uitgevoer moet word, spanlede/akteurs betrokke en toepaslike roepaanduidings en tydsberekening betrokke in die verhoogbestuurder se souffleursboek.
Roep ('Calls')	Die kandidaat slaag nie daarin om bewyse van roepe in die verhoogbestuurder se souffleursboek te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf bewyse van 'n paar roepe en impulse in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van alle roepe en impulse in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van alle roepe, tydsaanduiders asook impulse in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf bewyse van alle roepe met tydaanduiders asook impulse en, waar nodig, antispasie-merkers met duidelike tydsaanwysings in die verhoogbestuurder se souffleursboek.
Opening- en afsluitingsprosedures	Die kandidaat slaag nie daarin om die lys van opening- en afsluitingsprosedures in die verhoogbestuurder se souffleursboek te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf slegs baie kort opening- en afsluitingsprosedures in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf 'n protokol vir die opening- en afsluitingsprosedures in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf geskikte protokol vir die opening- en afsluitingsprosedures insluitende roepe en impulse vereis in die verhoogbestuurder se souffleursboek.	Die kandidaat verskaf, aangedui in die Verhoogbestuurder se souffleursboek, geskikte protokol vir die opening- en afsluitingsprosedures met roepe en tydsberekening asook die impulse vereis. Betrokke spanlede/akteurs is gelys met roepe.
Kaart van die uitleg van die rekwisietetafel	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n uitleg van die rekwisiete te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf 'n kaart met bewyse van die uitleg van 'n paar rekwisiete.	Die kandidaat verskaf 'n kaart wat die uitleg van rekwisiete op 'n rekwisietetafel aandui.	Die kandidaat verskaf 'n gemerkte kaart wat die uitleg van alle rekwisiete op 'n rekwisietetafel aandui.	Die kandidaat verskaf 'n duidelik gemerkte kaart wat 'n diepsinnige uitleg van alle rekwisiete gebruik op 'n rekwisietetafel aandui. Onderskei volgorde van rekwisiete volgens tonele en/of ander geskikte kriteria.
Vloerplan van verhooginkleding	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n verhoogkaart, of 'n vorm daarvan, wat party aspekte van rekwisiete, meubels en dekor aandui, te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf 'n basiese verhoogkaart wat rekwisiete, meubels en dekor aandui.	Die kandidaat verskaf 'n funksionele verhoogkaart wat alle rekwisiete, meubels en dekor aandui.	Die kandidaat verskaf 'n duidelik benoemde verhoogkaart wat die plasing van alle rekwisiete, meubels en dekor vir elke toneel met 'n sekere mate van detail aandui.	Die kandidaat verskaf 'n duidelik benoemde verhoogkaart wat die akkurate plasing van alle rekwisiete, meubels en dekor vir elke toneel in besonderhede aandui.
Verhoogbestuurderdraaiboek	Die kandidaat slaag nie daarin om 'n verhoogbestuurderdraaiboek met bewyse van tegniese aspekte, soos 'n vloerplan, posisie van dekorstel en dele daarvan, deure, vensters, blok, ingange en uitgange, klankseine, ligseine en spesiale effekte te verskaf nie.	Die kandidaat verskaf 'n verhoogbestuurderdraaiboek met 'n paar bewyse van tegniese aspekte, soos 'n vloerplan, posisie van dekorstel en dele daarvan, deure, vensters, blok, ingange en uitgange, klankseine, ligseine en spesiale effekte.	Die kandidaat verskaf 'n verhoogbestuurderdraaiboek met bewyse van tegniese aspekte, soos 'n vloerplan, posisie van dekorstel en dele daarvan, deure, vensters, blok, ingange en uitgange, klankseine, ligseine en spesiale effekte, maar nie altyd duidelik of korrek nie.	Die kandidaat verskaf 'n verhoogbestuurderdraaiboek met bewyse van tegniese aspekte, soos 'n vloerplan, posisie van dekorstel en dele daarvan, deure, vensters, blok, ingange en uitgange, klankseine, ligseine en spesiale effekte.	Die kandidaat verskaf 'n verhoogbestuurdersdraaiboek met bewyse van uitstaande en duidelike detail van tegniese aspekte, soos 'n vloerplan, posisie van dekorstel en dele daarvan, deure, vensters, blok, ingange en uitgange, klankseine, ligseine en spesiale effekte.
Onderhoud	Die kandidaat daag nie op vir die onderhoud nie of verskaf nie 'n verhoogbestuurderdraaiboek nie, of gee nie bevredigende antwoorde op vrae deur die eksamenpaneel gestel nie.	Die kandidaat daag op vir die onderhoud, verskaf 'n onvolledige verhoogbestuurdersdraaiboek en gee kort en onbevredigende antwoorde op vrae deur die eksamenpaneel gestel.	Die kandidaat daag op vir die onderhoud, verskaf 'n volledige verhoogbestuurdersdraaiboek en gee bevredigende antwoorde op vrae deur die eksamenpaneel gestel.	Die kandidaat daag op vir die onderhoud, verskaf 'n volledige verhoogbestuurdersdraaiboek en gee bevredigende en goed gemotiveerde antwoorde op vrae deur die eksamenpaneel gestel.	Die kandidaat daag op vir die onderhoud, verskaf 'n volledige verhoogbestuurdersdraaiboek en gee insigryke, goed gemotiveerde en diepsinnige antwoorde op vrae deur die eksamenpaneel gestel.

BYLAE P:

TERUGVOERING VAN DIE OPVOERAFDELINGS VAN DIE PAT'e	
VOORBEELDE VAN GENERIESE VRAAGSTAMME VIR KRITIESE DENKE	
Generiese Vraagstamme	Denkterrein
Wat weet ons reeds van ...?	Aktivering van vorige kennis
Hoe pas ... in by wat ons reeds geleer het?	Aktivering van vorige kennis
Hoe affekteer?	Oorsaak/Gevolg analise van verhouding
Wat dink jy veroorsaak ...? Waarom?	Oorsaak/Gevolg analise van verhouding
Wat is 'n nuwe voorbeeld van ...?	Toepassing
Hoe kan ... gebruik word om ...?	Toepassing
Hoe is ... van toepassing op die alledaagse lewe?	Toepassing – op die wêreld
Hoe help die frase ... jou om die betekenis van ... te verstaan?	Toepassing
Hoe is ... 'n metafoor vir ...?	Toepassing
Wat is die sterk- en swak punte van ...?	Analise/Afleiding
Wat is die verskil tussen ... en ...?	Analise/Vergelyk/Kontrasteer
Verduidelik hoe ...?	Analise
Wat is die aard van ...?	Analise
Wat is die gevolge van ...?	Analise/Afleiding
Wat beteken ...?	Analise
Waarom is ... belangrik?	Analise
Hoe is ... en ... eenders?	Analise/Vergelyk/Kontrasteer
Vergelyk ... en ... met betrekking tot ...?	Analise/Vergelyk/Kontrasteer
Wat is die teenargument vir ...?	Analise/Identifikasie/Weerlegging van redenasie
Wat is 'n oplossing vir die probleem van ...?	Sintese van idees
Wat sal gebeur indien ...?	Voorspelling/Hipotese
Wat is 'n ander manier om na ... te kyk?	Sintese/Verskil van standpunt
Met wat kom ... ooreen?	Sintese/Identifikasie en Skep van ooreenkomste en metafore
Wat is die beste ... en waarom?	Evaluering/Gee bewyse
Stem jy saam met hierdie stelling of nie?	Evaluering/Gee bewyse
Watter bewyse is daar om jou antwoord te staaf?	

BYLAE Q:**ASSESSERING/NASIEN/MODERERING: GOEIE PRAKTYK**

- Sluit die prosedures wat uitgevoer word om te verseker dat daar akkuraat **nagesien** word opleiding en monitering van eksaminatore in?
- Is prosedures ingestel om die akkuraatheid van nasienwerk na te gaan?
- Word roetine opleidings- en koördinasieprosedures vir nasieners en eksaminatore verskaf?
- Word dit uitgevoer om standaardisasie te verseker?
- Word enkel- of dubbelgraderingsmetodes gebruik in teenstelling met 'skadunasionmetodes'?
- Word kontrolemetodes gebruik om moontlike menslike foute op te spoor?
- Word prosedures ingestel en gebruik wanneer daar verskille tussen grade ontstaan?
- Word prosedures gebruik om slaagpunte vas te stel en/of -grade en om punte te verminder?
- Is die standaard gestel en word dit gehandhaaf?
- Is assesseringskale vasgestel en aan KABV gekoppel?
- Word verminderde punte gestel vir slaag/druip en ander grense?
- Word daar op die verskillende graadgrense besluit deur middel van monsters en konsensus?
- Maak moderatore seker dat prestasieverskille primêr verwant is aan vaardighede tydens assessering eerder as irrelevante faktore?
- Word prosedures gebruik om vooroordeel vas te stel wat deur faktore soos huistaal, land van oorsprong (xenofobie), geslag, godsdiens, kultuur, ouderdom en ras/etniese oorsprong kan plaasvind?
- Word standaardisering van punte behaal?

BYLAE R:**MODERERINGSINSTRUMENT**

Bestudeer die Modereringsinstrument op die volgende bladsy. Dit is slegs 'n voorbeeld wat deur vakadviseurs gebruik kan word om onderwysers en leerders se PAT-lesbeplanning en -assesseringsbewyse te modereer.

LET WEL: Die Departement van Basiese Onderwys verwag dat die PAT'e provinsiaal deur die vakadviseurs en leieronderwysers in die provinsie gemodereer sal word. Vakadviseurs in elk van die nege provinsies sal, in oorleg met die vakonderwysers, op 'n rooster vir die moderering van die PAT'e besluit.

SKOOL	
GEHALTEVERSEKERING EN DIE STEL VAN STANDAARDE	MODERERING VAN PAT'e. ONDERWYSER SE BEPLANNING EN LEERDER SE PORTEFEULJE
FOKUS	PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 1, 2 EN 3
VAK	DRAMATIESE KUNSTE
GRAAD	
ONDERWYSER SE NAAM EN VAN	
JAAR	2016
DATUM	
NOTAS AAN DIE MODERATOR: Daar is 'n verband tussen die KABV-onderwerpe , die Lesplanne en die Assesseringsopdragte . Maak seker dat daar 'n lesplan is vir elke KABV-onderwerp wat in die ONDERWYSERBEPLANNING- EN ADMINISTRASIELÊER is. Die ontwerp van die Lesplan sal deur die onderskeie provinsies bepaal word. Modereer elke Lesplan om te verseker dat die inhoud op KABV-onderwerpe gebaseer is. Modereer die Assesseringsopdragte vir elk van die drie PAT'e om te verseker die inhoud wat in die bogenoemde lesplanne geleer is, deur die betrokke Assesseringsopdrag gedek is. Maak seker die rubriekriteria is in Lesplanne geïntegreer.	
Merk met 'n P of 'n X in die blokkies hieronder	MODERATOR SE KOMMENTAAR OOR DIE INHOUD EN DIE STANDAARD
TAAK 1: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK GESKREWE AFDELING. Opdrag of Navorsing of Opstel (Omkring die relevante een) <input type="checkbox"/> Lesplanne <input type="checkbox"/> Is die Lesplanne op die KABV-onderwerpe gebaseer? <input type="checkbox"/> Is daar 'n Lesplan vir elk van die KABV-onderwerpe wat deur hierdie taak geassesseer word? <input type="checkbox"/> Bevat die Lesplanne gedetailleerde instruksies en aktiwiteite vir lesgee/onderrig? <input type="checkbox"/> Assesseringsopdrag <input type="checkbox"/> Word die Lesplanne/-onderwerpe wat deur hierdie PAT geassesseer word, in die opdrag aangedui? <input type="checkbox"/> Bevat die Assesseringsopdrag gedetailleerde instruksies aan die leerder? <input type="checkbox"/> Rubriek <input type="checkbox"/> Is die betrokke rubriek aan die PAT-opdrag en die Lesplanne vir hierdie opdrag geheg?	
TAAK 1: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK OPVOERAFDELING. Poësie of Uittreksel of Prosa, ens. (Omkring die relevante een) <input type="checkbox"/> Lesplanne <input type="checkbox"/> Is die Lesplanne op die KABV-onderwerpe gebaseer? <input type="checkbox"/> Is daar 'n Lesplan vir elk van die KABV-onderwerpe wat deur hierdie taak geassesseer word? <input type="checkbox"/> Bevat die Lesplanne gedetailleerde instruksies en aktiwiteite vir lesgee/onderrig? <input type="checkbox"/> Assesseringsopdrag <input type="checkbox"/> Word die Lesplanne/-onderwerpe wat deur hierdie PAT geassesseer word, in die opdrag aangedui? <input type="checkbox"/> Bevat die Assesseringsopdrag gedetailleerde instruksies aan die leerder? <input type="checkbox"/> Rubriek <input type="checkbox"/> Is die betrokke rubriek aan die PAT-opdrag en die Lesplanne vir hierdie opdrag geheg?	
TAAK 3: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK GESKREWE AFDELING. Joernaal of Navorsing of Opstel (Omkring die relevante een) <input type="checkbox"/> Lesplanne <input type="checkbox"/> Is die Lesplanne op die KABV-onderwerpe gebaseer? <input type="checkbox"/> Is daar 'n Lesplan vir elk van die KABV-onderwerpe wat deur hierdie taak geassesseer word? <input type="checkbox"/> Bevat die Lesplanne gedetailleerde instruksies en aktiwiteite vir lesgee/onderrig? <input type="checkbox"/> Assesseringsopdrag <input type="checkbox"/> Word die lesplanne/-onderwerpe wat deur hierdie PAT geassesseer word, in die opdrag aangedui? <input type="checkbox"/> Bevat die Assesseringsopdrag gedetailleerde instruksies aan die leerder? <input type="checkbox"/> Rubriek <input type="checkbox"/> Is die betrokke rubriek aan die PAT-opdrag en die Lesplanne vir hierdie opdrag geheg?	
TAAK 3: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK OPVOERAFDELING. Poësie of Uittreksel of Prosa, ens. (Omkring die relevante een) <input type="checkbox"/> Lesplanne <input type="checkbox"/> Is die Lesplanne op die KABV-onderwerpe gebaseer? <input type="checkbox"/> Is daar 'n lesplan vir elk van die KABV-onderwerpe wat deur hierdie taak geassesseer word? <input type="checkbox"/> Bevat die Lesplanne gedetailleerde instruksies en aktiwiteite vir lesgee/onderrig? <input type="checkbox"/> Assesseringsopdrag <input type="checkbox"/> Word die Lesplanne/-onderwerpe wat deur hierdie PAT geassesseer word, in die opdrag aangedui? <input type="checkbox"/> Bevat die Assesseringsopdrag gedetailleerde instruksies aan die leerder? <input type="checkbox"/> Rubriek <input type="checkbox"/> Is die betrokke rubriek aan die PAT-opdrag en die Lesplanne vir hierdie opdrag geheg?	

<p>TAAK 5: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK GESKREWE AFDELING. Joernaal of Navorsing of Opstel (Omkring die relevante een)</p> <p><input type="checkbox"/> Lesplanne</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Is die Lesplanne op die KABV-onderwerpe gebaseer? <input type="checkbox"/> Is daar 'n Lesplan vir elk van die KABV-onderwerpe wat deur hierdie taak geassesseer word? <input type="checkbox"/> Bevat die Lesplanne gedetailleerde instruksies en aktiwiteite vir lesgee/onderrig? <p><input type="checkbox"/> Assesseringsopdrag</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Word die Lesplanne/-onderwerpe wat deur hierdie PAT geassesseer word, in die opdrag aangedui? <input type="checkbox"/> Bevat die Assesseringsopdrag gedetailleerde instruksies aan die leerder? <p><input type="checkbox"/> Rubriek</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Is die betrokke rubriek aan die PAT-opdrag en die Lesplanne vir hierdie opdrag geheg? 	
<p>TAAK 5: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK OPVOERAFDELING. Poësie of Uittreksel of Prosa, ens. (Omkring die relevante een)</p> <p><input type="checkbox"/> Lesplanne</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Is die Lesplanne op die KABV-onderwerpe gebaseer? <input type="checkbox"/> Is daar 'n lesplan vir elk van die KABV-onderwerpe wat deur hierdie taak geassesseer word? <input type="checkbox"/> Bevat die Lesplanne gedetailleerde instruksies en aktiwiteite vir lesgee/onderrig? <p><input type="checkbox"/> Assesseringsopdrag</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Word die Lesplanne/-onderwerpe wat deur hierdie PAT geassesseer word, in die opdrag aangedui? <input type="checkbox"/> Bevat die Assesseringsopdrag gedetailleerde instruksies aan die leerder? <p><input type="checkbox"/> Rubriek</p> <ul style="list-style-type: none"> <input type="checkbox"/> Is die betrokke rubriek aan die PAT-opdrag en die Lesplanne vir hierdie opdrag geheg? 	

MODERERINGSINSTRUMENT: ONTWERPELEMENTE

Elke provinsiale onderwysdepartement kan hulle eie individuele MODERERINGSINSTRUMENT ontwerp om die drie PAT'e te modereer.

Maak egter seker dat wanneer die Modereringsinstrument ontwerp word, daar genoeg opskrifte/kolomme/spasie vir moderering en kommentaar is.

- Naam van skool wat gemodereer word
- Status van die moderator
- Fokus
- Vak
- Graad
- Naam en Van van die onderwyser wat gemodereer word
- Naam en Van van die vakadviseur verantwoordelik vir die moderering
- Jaar, datum, dag
- Lesplanne 1–8, ondersteun die onderrig van die inhoud wat geassesseer word in die Assesseringstake
Noem as:
 - Lesplan 1 vir Onderwerp 1,
 - Lesplan 2 vir Onderwerp 2, ens. tot by Lesplan 8 vir Onderwerp 8
- Die volgende aspekte moet duidelik wees vir elke Lesplan en moet streng gemodereer word:
 - Kwartaal
 - KABV-Breë Onderwerpe
 - KABV-onderwerp
 - Duur van les
 - Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal
 - KABV-konsepte: Vaardighede, kennis en inhoud
 - KABV: Teorie met kruisverwysing na die DBE-handboekhoofstuk en -nommer
 - KABV: Prakties met kruisverwysing na die DBE-handboekhoofstuk en nommer
 - Gedetailleerde instruksies met kruisverwysing na die DBE-handboekhoofstuk en nommer
 - Gedetailleerde aktiwiteite met kruisverwysing na die DBE-handboekhoofstuk en nommer
 - Gedetailleerde oefeninge met kruisverwysing na die DBE-handboekhoofstuk en nommer
 - Gedetailleerde ondersteuningsmateriaal met kruisverwysing na die DBE-handboekhoofstuk
 - Gedetailleerde hulpmiddels, bv. DVD/foto's/illustrasies/uitstappie, ens.
 - Assesseringstaaknommer
- Assesseringstake 1–7, ontwerp deur die onderwyser om die KABV-Breë Onderwerpe en Onderwerpe te assesseer
- Assesseringsbewyse deur elke leerder aangebied in die vereiste Geskrewe/Opvoer-formaat
Noem as:
 - Assesseringstaak 1
 - Assesseringstaak 2, ens. tot by Assesseringstaak 7
- Die volgende aspekte moet duidelik wees vir elke Assesseringstaak en moet streng gemodereer word:
 - Kwartaal
 - KABV-Breë Onderwerpe
 - KABV-Onderwerp
 - Tipe Assesseringstaak: Praktiese Assesseringstaak: Geskrewe Afdeling: Opstel
 - Duur van Assesseringstaak
 - Punte aan die taak toegeken
 - Assesseringsopdrag. Gedetailleerde beskrywing moet aan leerder gegee word
 - Lys van KABV-onderwerpe wat geassesseer sal word
 - Lys van KABV-teoretiese aspekte wat geassesseer sal word
 - Lys van KABV-praktiese aspekte wat geassesseer sal word
 - Assesseringsinstrument – Rubriek